"Oor advokate"

"(Advocates) are jurists requested by the parties to present their suits to the Judge orally and in writing, and to prove and defend them artistically, being admitted for this purpose by public authority"
Ulric Huber *The Jurisprudence of my Time* (1686) Vol II (vert P Gane).

ALDUS Huber oor advokate. Huber brei uit op bovermelde en definieer 'n *juris* as "'n goeie en eerbare man, soos 'n ware juris behoort te wees", 'n *kliënt* as "'n persoon wat onder beskerming geneem word" en *kunstig* as "die kuns van 'n suiwer en vlekkelose jurisprudensie".

Tye het verander sedert Huber se kommentaar op advokate. Die advokaat se take het vermenigvuldig. Howe is tans slegs een van die arenas van advokaatskap. Advokaat, bemiddellaar, arbiter, onderhandelaar, raadsman, kommissaris. Dit is slegs sommige van die generiese beskrywings van sake wat advokate vir hulle kliënte hanteer. 'n Gedetailleerde lys kan nimmereindigend wees.

Die Suid-Afrikaanse Balie van die laat twintigste eeu verskil grootliks van die professie van advokaat volgens Huber se beskouing in die laat sewentiende eeu. Die getal praktiserende advokate het aansienlik vermeerder van 307 in 1948 tot 1 456 in 1997. Hierdie toename is na verhouding groter as dié van die Suid-Afrikaanse bevolking as 'n geheel. Die metodes en die profiel van die regspraktyk ondergaan ook verandering. Die regsprofessie het tot 'n mate regswerk verloor tot die voordeel van andere buite die professie. Hierteenoor het geleenthede vir professionele werk toegeneem as gevolg van die uitbreidende reg in ons hedendaagse gemeenskap. 'n Hele stel nuwe regte het tevoorskyn gekom. Hierdie regte sal verder deur regsgeleerdes, veral deur advokate, ontwikkel en gehandhaaf word. Hierbenewens sal geleenthede vir die regspraktisyn toeneem met die voortgesette groei van die staatsbestuur en ekonomie – 'n administratiewe staat het meer reg en meer geleentheid vir regsgeleerdes tot gevolg.

Die Suid-Afrikaanse Balie het 'n voorbeeldige stel reëls van professionele gedrag en etiket ontwikkel wat die uitnemendheid wat Huber in gedagte gehad het, bevorder.

Die Suid-Afrikaanse Balie het 'n voorbeeldige stel reëls van professionele gedrag en etiket ontwikkel wat die uitnemendheid wat Huber in gedagte gehad het, bevorder. Kan die professionele etos en die status van die Balie gehandhaaf word in 'n tydperk van oorgang en fundamentele verandering in die gemeenskap? Tot watter mate moet die Balie sy reëls en sy organisatoriese en bedryfsmetodes verander met inagneming daarvan dat ons die eeu van bestuursrewolusie beleef?

Die skrywer George Orwell het die stelling gemaak dat dit 'n voortdurende stryd verg om te sien wat voor 'n mens se neus is. Dit is veral waar as 'n mens trag om die hedendaagse situasie in 'n mens se eie professie te ondersoek.

Om hierdie rede het ons lede en voormalige lede van die Balie uitgenooi om die soeklig te laat val op sekere van die brandpunte wat die Balie onder oë moet sien. Ons sal voortgaan om meningswisseling oor hierdie en ander aktuele sake wat die Balie raak, in toekomstige uitgawes van *Consultus* te belig.

Consultus: Lesersopname

DIE *Consultus*-lesersopname aan die einde van 1996 onder Balielede alleenlik, is deur 'n professionele statistikus ontleed. Van die meer interessante gevolgtrekkings is soos volg:

- Die profiel van die persentasie response van die verskeie Balies is bykans soortgelyk aan die nasionale profiel, en hoewel die responsiekoers relatief laag was, kan die opname as voldoende verteenwoordigend van 'n deursnit van Balielede beskou word vir leserbeoordeling, publikasiebeplanning en posisionering in die advertensiemark.
- Engels- (47%) en Afrikaans- (45%) sprekers word bykans gelyk verteenwoordig. Slegs 2% van die respondents praat ander tale terwyl 6% beide Afrikaans en Engels as huistaal besig.
- Geen respondent wil hê dat *Consultus* slegs in Afrikaans gepubliseer moet word nie, terwyl slegs 23% Engels verkies. Die meerderheid was ten gunste van óf 'n tweetalige publikasie (37%) óf was nie begaan oor die presiese mengsel nie (40%). Een respondent meen dat 'n poging aangewend moet word om in enige van die ander amptelike tale te publiseer.
- Die meerderheid (71%) meen dat die hoofdoel van *Consultus* moet wees om "inligting en leiding oor ontwikkelings in die professie en die administrasie van justisie" te verskaf.
- Praktyk en prosedure, Portfolio en Obiter is rubrieke van *Consultus* waar respektiewelik 62%, 58% en 49% van respondente meer dekking verlang. Oor die algemeen is respondente taamlik tevrede met die inhoud, met nie meer as 15% wat minder inhoud van enige rubriek wil hê nie. >

Consultus: Reader Survey

Continued from page 2

readers would particularly like to see in the journal.
- At least 60% of *Consultus* issues are kept for possible future reference.
- More than 96% of respondents were happy with both the cover and layout, with the majority (62%) in favour of more frequent publication of *Consultus*.
- The information gained for advertising purposes will enable *Consultus* to approach prospective advertisers with concrete information, e g on the use by Bar members of computers, banking and travelling facilities.

The Reader Survey has been a necessary exercise, providing the editorial committee with a clear picture of the needs of readers. We will try to satisfy those needs. 🕮

Consultus: Lesersopname

Vervolg van bladsy 3

Soos dit 'n professionele tydskrif betaam, blyk dit dat "Balienuus" die mees populêre rubriek is. Ons het egter waardevolle inligting verkry oor onderwerpe wat nie tans of gereeld gedek word nie en wat lesers besonder graag in die tydskrif wil sien.
- Ten minste 60% van *Consultus*-uitgawes word gehou vir toekomstige verwysing.
- 96% van respondente was tevrede met die buiteblad en die uitleg, met die meerderheid (62%) ten gunste van veelvuldiger publikasies van *Consultus*.
- Die inligting wat vir advertensiedoeleindes ingewin is, sal *Consultus* in staat stel om voornemende adverteerders met konkrete inligting oor byvoorbeeld die gebruik deur balielede van rekenaars, banke en reisfasiliteite, te nader.

Die lesersopname was 'n noodsaaklike oefening wat die redaksiekomitee 'n duideliker prentjie gee van die behoeftes van lesers. Ons sal probeer om aan daardie behoeftes te voldoen. 🕮

The Bar: facing change

Continued from page 5

others. Their services are available through small or large firms of attorneys to individuals and giant corporations. They can freely (and must under our rules) take the difficult and unpopular cases which a practitioner subject to the prejudices and pressures of other clients would be compelled to turn away. The history of civil rights litigation in South Africa speaks eloquently of the need for such a resource.

It is this vision of advocacy, as a profession offering specialised legal skills and advice, available to all on a referral basis, which I have tried to pursue. It is not I think a vision which requires to be buttressed by statutory fortifications. That does not mean that there is no reason for differentiating between those lawyers who choose to deal directly with the public in their professional lives and those who do not. The former handle their clients' money and there is a well established need for financial safeguards. The latter do not and are merely paid *ex post facto* for the services they have rendered. My point is simply that in the long term it is the ability to provide a necessary professional service that will ensure the survival of the Bar not the protection of statute or out-moded business practices.

Cause for satisfaction

Looking back in that light over the past three years there can I think be some cause for satisfaction. The advocacy training programme in conjunction with pupillage and the Bar examinations reasserts that advocacy skills are not only the bedrock of our profession but the justification for its very existence. The Bar's involvement in the formation and development of AFSA expands the scope within which disputes can be resolved in our society. The growing role of the Bar in international legal organisations acknowledges the fact that law is increasingly international in its scope. The submissions made on a variety of legislative measures have had and will continue to have an impact.

What then lies ahead? As a profession we have realised that we can no longer function out of the public eye. We will in the future play an increasingly public role. Fortunately we have managed over the past two years to overhaul our organisation and place it on a sound footing under the competent leadership of Elize van den Heever and I am glad to take the opportunity of paying tribute to her and her staff for their work. *Consultus* itself has undergone both a change of editor and a change of style as it seeks to be more representative of the news and the views of advocates. I believe we are well positioned to meet the challenges that lie ahead.

Those challenges lie in pursuing our vision. Future changes in the structure of our courts brought about by the Hoexter Commission will soon be upon us. Initiatives are under discussion in regard to judicial case management. Advocacy training will advance and must extend to continuing legal education. The current negotiations between the ALS, NADEL and BLA will bring about changes in the attorneys' profession and no doubt new challenges for the Bar as we engage with our colleagues on the matters that concern us all.

Change can be both breathtakingly fast and painfully slow. Either can be frustrating. We must not permit our frustration to lead us to turn our backs on change for in doing so we turn our backs on the future. What we need to do as we approach a new century is to pursue our vision more vigorously and more effectively. If we do that we need have no fear for the future of our profession. 🕮